

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
23 Januarie 1972

Onderwerp: God se wil

Lees: Jakobus 4
Matthéüs 6 vers 10

Teks: Jakobus 4 vers 15
Matthéüs 6 vers 10

Sing: Psalm 66 vers 1
Gesang 161 vers 3
Gesang 160 vers 4

“Broers en Susters, die Apostel Jakobus praat hier ’n taal wat min mense van hierdie eeu nog verstaan, want die mens het homself in sy sondige lewe van sy God gedistansieer. Gevolglik ken hy nie meer die wil en bestemming van God vir sy lewe nie. Wat meer is, die sondige mens het hom só teenoor sy God verhef dat hy nie meer sy afhanklikheid van sy Maker erken nie.

“Broers en Susters, as die nietige mens tog maar wil besef hoe min hy in hierdie lewe kan vermag sonder die wil en bystand van God, hoe anders sal sy lewe nie wees nie? Maar in hulle lewensbeplanning en mooi nuwejaarsvoornemens is daar dikwels min plek vir God en min erkenning vir God se bestiering en seggenskap oor hulle lewens.

“Voor ons lê ’n nuwe jaar. Onbekend en bedek vir ons menslike verstand. ’n Jaar wat veel geleenthede, kanse en seën sal inhou vir hulle wat hulself onder die raad, leiding en wil van God stel. Miskien is dit die laaste geleentheid en kans om u verhouding met God reg te maak. Daarom wil ons vanmôre hierdie gesindheid, wat spreek uit die lewe en taal van Jakobus, aan u kom voorhou, hier aan die begin van 1972, te midde van die onsekerheid oor die toekoms.

“Miskien word u geknel deur die druk van ’n kruis van benoudheid en bekommernis; en die duistere onbekende wat vir ons wag. Broers en Susters, plaas uself onder die sterke hand van die ewige, onveranderlike God, wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is.

“As die Here wil en ons lewe’.

“Hierdie woorde wek ’n wêreld van gedagtes by ons op - gedagtes wat ons nie altyd begryp nie. Dit vertolk

'n lewensopvatting waarteenoor vele vreemd staan. Dit is die taal van die geloof wat erken hoe afhanklik ons van God is. Dit is die taal van vaste vertrouwe en kinderlike vertrouwe op God as Skepper en Vader in Jesus Christus onse Here. Dit is 'n erkenning van die Gewer en Onderhouer van alles wat die mens besit; dat Hy die Maker van ons brose lewe en ons Lotsbeskikker is.

“Reeds op die eerste bladsye van die Skrif merk 'n mens hierdie gemeenskapsverhouding tussen God en die mens. In sy Vader-kind verhouding het die mens geweet dat sy lewensgange onder die allesbestierende wil van God was. In sy kinderlike omgang met God het die mens toe nog die wil van God aangevoel. Jakobus se woorde, ‘as die Here wil en ons lewe’, was nog waar in sy lewenshouding. God se geheimenis is die lewe vir wie wandel in sy vrees.

“Hierteenoor het die duiwel, die groot spelbreker, berower van die mens se lewe en vernietiger van hierdie vader-kind verhouding, na die mens gekom in God se paradys in die gedaante van 'n slang. Die mens, verblind deur sy verleiding, het toegegee en oorgegee en die sondaarmens het Godlos geword. Hy was nie meer 'n huisgenoot van God nie, maar 'n vlugteling. Hy sou voortaan dikwels nie meer rekening hou met die wil en besluite van God nie; en sy eie sterflikheid sou hy oor die hoof sien. Hy sou voortaan planne maak, ja groot en ingewikkelde planne. Hy sou vandag of môre na die stad gaan en daar die ou en nuwe jaar deurbring en besigheid doen en wins maak. En dit alles sonder om met God en die dood rekening te hou.

“Die sterflike mens het deur die sonde 'n grootprater geword. En hoe waarsku God ons nie vanmôre hier aan die begin van 1972 teen hierdie gesindheid nie. God hou vele voorbeelde van hierdie kortsigtige verwaandheid aan ons voor:

“Die bouers van die toring van Babel het in hulle Godvergetenheid naam maak en selfs roem verwerf, maar die spraakverwarring het hulle onvoltooide ydelheid verewig as 'n waarskuwing vir alle geslagte.

“Hoe aangrypend vertolk Jesus nie hierdie gedagte in die gelykenis van die ryk dwaas nie. Hy sou sy skure volmaak en dan lekker sonder bekommernis lewe. Maar God het aan hom gesê: ‘Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees?’ (Luk 12:20)

“Tydens Bélsasar se God-onterende fuifparty het vingers van 'n mens se hand verskyn en op die muur

geskryf: 'Mené - God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak; tekél - u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; perés - u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.' (Dan 5:26-28)

"Die groot held van die Griekse Macedoniese ryk, Alexander die Grote, het sy verowerings onder swelg en swier voortgesit tot by die Indus. Maar op sy terugtog het hy gesterf - 'n wrak van uitspattigheid en grootdoenerigheid.

"Broers en Susters, selfs by die heidense volkere tref mens iets aan van die besef van goddelike heil van voorsienigheid waarmee rekening gehou moet word. Vir groot ondernemings raadpleeg die heidendom sy gode en vra hy voorspoed en sukses. Dit doen die heiden vir die groot dinge, maar nie vir die klein dingetjies nie. Vir oorlog wel, maar nie vir elke asemtug nie.

"Ag hoe weinig verstaan die sondige mens die lewe. Asof die groot en lang lewe nie bestaan uit klein dingetjies nie. Dit is hierin waarin die geloof so opvallend uitstaan as dit sê: 'As die Here wil en ons lewe' dan sal ons dit of dat doen. Enigiets, selfs elke asemhaling, elke tree op die lewenspad, alles hang van twee dinge af: die wil van God en die lewe van die mens. Want as God dit nie wil nie, dan mag ons dit nie doen nie; en as ons nie meer lewe nie, dan kan ons dit nie meer doen nie.

"Laat dit vanmôre ons nuwejaarsvoorneme wees: my wil staan onder die allesbesturende wil van God; en ek wil leef onder die besef van my afhanklikheid en nietigheid voor my Maker; en ek wil alles in hierdie jaar aan Hom toevertrou. Nie net my swaarkry, my beproewing en my kruis nie, maar ook my vreugde en voorspoed.

"Teenoor die grootpratere soos Kain en Lameg, staan manne soos Henog en Noag wat met God gewandel het. Teenoor Nimrod die geweldenaar, staan Abraham die vriend van God. En 'n vriend beteken iemand vir wie niks weggesteek word nie. En teenoor Herodes, wat God nie gevrees het en geen mens ontsien het nie, staan Jesus Christus, wat Hom totaal aan God se wil onderwerp het en ons kom leer: Geen haar sal van julle val sonder die wil van God nie. En dit is die gedagte wat Jakobus weergee as hy sê: 'As die Here wil en ons lewe'.

"Hou ons rekening met dié twee groot vereistes om dit of dat te doen? Weet ons dan nie vanmôre van menige medesterflinge wat groot planne vir die

toekoms gehad het, maar dit nie kon uitvoer nie, omdat dit nie God se wil was nie? Die graf is eintlik 'n simbool van sulke verongelukte planne.

“Die aanvaarding en neerbuig onder God se wil beteken om die Onse Vader met jou hele hart en siel te bid: ‘laat u wil geskied’. (Matt 6:10) Dit beteken om te sê: Here, waar U lei, daar sal ek meegaan. Ja, dit geld nie net vir u sonskyn en vreugde nie, maar ook in die nag van beproewing. Om dit te doen, is 'n geloofsdaad wat jou dra deur elke dag wat genoeg het aan sy eie kwaad, maar ook genoeg het aan God se genade.

“Lewe u só dag vir dag naby God?

“Gelukkig is die mens wat sy lewe só aan God toevertrou het.

“Wie dit nie doen nie en die onbekende 1972 sonder God betree, is dwaas.

“Amen.”